



# Bang vir die donker

is spesiaal vir jou geskryf

(Kind se naam)

(Spesiale boodskap)

(Van : "Naam")


Die Hangkashaas Uitgewers
www.diehangkashaas.co.za

ISBN 978-1-0672494-1-0

(Kind se naam) het wakker geword van 'n sagte geritsel in die kamer.  Hy het sy ogies stadig oopgemaak. Dit was 'n nuwe dag.

Hy draai om, om te sien of sy boetie (Naam van persoon wat kamer met kind deel) nog slaap.  Hulle het 'n klein kamertjie gedeel, maar dit het hom glad nie gepla nie.

Hy hou daarvan om 'n kamer met sy boetie te deel, want hy het nooit slegte drome as hy daar is nie.





(Kind se naam) se boetie is al op en hy is alleen in die kamer.  Hy leun oor die bed en skakel die bedlampie op die tafel langs sy bed af.

Stadig gly hy van die bed af en hardloop kombuis toe.

“Môre” sê hy nog met 'n slaperige stemmetjie.

“Môre” sê sy pappa (Pappa/oom se naam) wat liefdevol sy vingers oor sy hare vryf.


“Raai wat?” sê mamma (Mamma/Tannie se naam).  “Ons het 'n baie groot verrassing vir jou”.

(Kind se naam) se oë helder op. “Rerig, vir my?” vra hy baie opgewonde.  Die laaste keer wat hy 'n verrassing gekry het, was vir sy verjaardag.

Gewoonlik kry mens net verrassings op spesiale dae, dink hy toe sy mamma hom optel en in die gang afdra.







Die studeerkamer lyk heeltemal anders. Daar is 'n bed, 'n kas en 'n spieëlkas.

“Ons het besluit omdat jy nou (Kind se ouderdom) jaar oud is, is jy oud genoeg om jou eie slaapkamer te kry.  Almal het ingespring en die studeerkamer spesiaal vir jou reggemaak!” beduie sy mamma.

(Kind se naam) staar verstom na alles wat hy sien.  “Is dit alles myne?”.

“Ja, en ek het die mure jou gunsteling kleur geverf” sê sy pappa.

(Kind se naam) kyk met 'n breë glimlag na sy nuwe slaapkamer.

Die bed is baie groter as sy ou een. Die kas het baie meer ruimte en genoeg rakspasie vir al sy speelgoed.

Hy klim op die bed en kyk na die pragtige, kleurvolle kombers.  “Dankie almal” sê hy met 'n glimlag, terwyl hy met sy sagte lyfie op en af bons op die matras.







Die oggend is baie besig.

Mamma (Mamma/Tannie se naam) help hom om al sy klere in die nuwe kas te pak.

Pappa (Pappa/oom se naam) help om die meubels te skuif en hang sy gunsteling foto's, presies waar hy dit wil hê.

(Kind se naam) dra al sy speelgoed van die ou kamer oor na die nuwe een en pak hulle netjies oor en oor op die rakke tot hy tevrede is.

(Kind se naam) sit sy skaatsplank in die hoek van die kamer, saam met die kniebeskermers en helmet neer.

Toe alles mooi op hulle plekke staan en al die goed netjies weggepak is, haal hy 'n paar van sy gunsteling speelgoed uit, strooi dit oor die vloer en begin te speel.

Hy hoef nie meer bekommerd te wees dat sy boetie oor dit sal trap en val soos in die ou kamer nie.







(Kind se naam) het so lekker gespeel dat hy nooit eers agtergekom het dat dit al vroeg aand was toe sy pappa binnekom en die kamerlig aanskakel nie.

“Aandete tyd, (Kind se naam). Ruim gou jou speelgoed op en kom eet!” roep sy mamma 'n rukkie later vanuit die kombuis.

Hy begin stadig sy speelgoed wegpak. Net toe hy dink dat als opgetel is sien hy nog 'n speelding langs sy bed op die grond lê.

Hy buk om dit op te tel en skrik toe hy sien hoe donker en vreemd dit onder sy bed lyk.

(Kind se naam) besef skielik dat hy alleen in die nuwe kamer gaan slaap. Alleen, sonder sy boetie soos wat hy gewoond aan is.



Om meer te lees, besoek gerus on webtuiste.

Onthou asb wanneer jy ‘n aanlyn boekie bestel sal die storie geskryf word volgende jou kind se unieke omstandighede. (Karakters se name word vervang met die kind se familie en vriende se name)

Kliek gerus hier om ons webtuiste te besoek